

Laerskool Meiringspark



PROSPEKTUS

VISIE

Opbou en uitbou van hoogstaande opvoeding op akademiese-, sport-, en kultuurgebied, gebalanseerd vir die toekoms.

MISSIE

Die verskaffing van voortreflike en relevante onderrig met Afrikaans as onderrigmedium, in samewerking met 'n betrokke ouergemeenskap, binne 'n Christelike karakter om gebalanseerde, gelukkige leerders se talente op alle gebiede te ontwikkel en uit te bou.

INHOUDSOPGAWE

1. **ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE**
 - 1.1 Inskrywingsprosedure
 - 1.2 Skooladres en telefoonnommers
 - 1.3 Skoolure
 - 1.4 Skoolgelde
 - 1.5 Nasorgsentrum
 - 1.6 Gr R-klas
 - 1.7 Rekenaarsentrum
 - 1.8 Afwesighede en terreinverlating

2. **SKOOLREËLS**
 - 2.1 Geboue
 - 2.2 Terrein
 - 2.3 Fietse en motors
 - 2.4 Voetorgange
 - 2.5 Skoolvoertuie
 - 2.6 Voorskrifte oor skooldrag
 - 2.6.1 Leweransiers
 - 2.6.2 Skooldrag
 - 2.6.3 Sportdrag
 - 2.6.4 Provinsiale kleure en gewone drag
 - 2.7 Klerebank
 - 2.8 Algemeen

3. **AKADEMIESE AANGELEENTHEDE**
 - 3.1 Toetsstelsel / Assessering en eksaminering
 - 3.2 Top 10 – Akademiese vordering
 - 3.3 Oueraande
 - 3.5 Bekroningsfunksie (Prysuitdeling)
 - 3.5 Remediërende onderrig
 - 3.6 Spreekure

4. **BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE**
 - 4.1 Sportaktiwiteite
 - 4.2 Kultuuraktiwiteite
 - 4.3 Regulasies en voorskrifte by sport
 - 4.4 Sportvoorraad
 - 4.5 Toere en uitstappies
 - 4.6 Ouerbetrokkenheid
 - 4.7 Leierskap
 - 4.8 Entrepreneurswese

5. **AKTIWITEITSROOSTER**
 - 5.1 Sport
 - 5.2 Kultuur
 - 5.3 Mediasentrum

6. **VEILIGHEID**

7. **SKOOLIED**

1. ADMINISTRATIEWE AANGELEENTHEDE

1.1 Toelating van leerders tot Laerskool Meiringspark en inskrywingsprosedures:

- **Algemeen**

Die toelating van leerders tot Laerskool Meiringspark staan onder beheer van die Beheerliggaam. Die uitvoering hiervan word na die skoolhoof gedelegeer.

- **Toelatingskriteria**

- a. Graad R-klasse - Leerders kan inskryf in die jaar wat hul 6 word. In sommige gevalle kan jonger kinders ingeskryf word.
- b. Die leerder moet inpas by die natuurlike chronologiese ouderdom van sy groep. Graad 1-leerders is skoolpligtig in die jaar waarin hy/sy 7 word.
- c. Die voornemende leerder moet Afrikaans, wat die skool se voertaal is, so bemeester het dat sy onderrig en opvoeding nie skade sal ly nie.
- d. 'n Aanvaarbare amptelike bewys van 'n bevredigende akademiese vordering en goeie gedrag moet voorgelê word asook identiteitsnommer.
- e. Toelatingsvoorkeur word gebied aan leerders van ouers/voogde woonagtig binne die geografiese voedingsgebied van die skool soos tans bestaan.
- f. Gedifferensieerde onderwys word in die skool toegepas met inagneming van elkeen se vermoë, aanleg en belangstelling, en elke leerder/ouer moet dit so aanvaar vir sover die skool dit kan verskaf.

- **Onderneming deur ouer**

Ouers moet by die inskrywing van 'n leerder 'n vorm onderteken waarin hulle die volgende onderneming gee.

Hulle aanvaar

- * die Christelike en kulturele etos van die skool
- * die akademiese standaard wat gestel word
- * die gesag en dissipline van die skoolhoof en onderwysers
- * om toe te sien dat hul kinders in die erkende skooldrag geklee is
- * dat indien bogenoemde ondernemings nie gehandhaaf word nie die leerder se voortgesette toelating tot Laerskool Meiringspark in heroerweging geneem sal word

- **Toelatingsprosedures**

- Vorm A (registrasie), Vorm B (onderneming) en Vorm C (vrywaring) moet volledig voltooi word deur die ouer/wetlike voog.
- Skolastiese evaluering/oorplatingskaart. Graad 1 (beginner) word 'n geboortesertifikaat/identiteitsdokument verlang.

1.2 **Skooladres en telefoonnommer**

Skooladres : Oom Jacobstraat, Meiringspark
Posadres : Posbus 3003, Freemanville, 2573
Telefoonnommer : 018 - 4691050 / 4694301
Faksnommer : 018 - 4692826
E-Pos adres : adminmpark@lantic.net

1.3 **Skoolure**

Die skool begin 07:25 en sluit 13:15 vir Gr RR, Gr R, Gr 1 en 2 leerders en 13:45 vir Graad 3 - 7 leerders (Maandag tot Donderdag).

Op Vrydae sluit die skool om 12:50 vir Gr RR - 3 en 13:20 vir Gr 4 - 7.

Daar is 'n toesigklas waar Gr RR, R, 1 en 2 leerders kan wag tot 13:45. **Geen leerder mag tussen 13:15 en 13:45 (12:50 en 13:20) buite op die terrein speel of buite die hek vir ouers wag nie.** Dit is vir u kind se eie veiligheid. Indien u nie u kind om 13:15 (12:50) kan afhaal nie, is dit u verantwoordelikheid om u kind in die wagklas te gaan haal.

Die skool sluit vroeër op die laaste dag van elke kwartaal.

1.4 **Skoolgelde**

Enige navrae en skoolgelde - Me Vicki van Niekerk (Finansiële beampte). Die skoolgelde word jaarliks vasgestel en daar word verwag dat elke ouer skoolgeld sal betaal.

Skoolgelde word in 11 gelyke paaiemente voor die 7de van elke maand vooruit betaal. Bedrag is op aanvraag beskikbaar. Die laaste paaiement is betaalbaar aan die einde van November. Die totale verpligte skoolgeld kan ook eenmalig betaal word, of soos met die Beheerliggaam skriftelik gereël is.

1.5 **Nasorgsentrums**

Gr RR tot 2 - Grondslagfase personeel beheer die sentrum.
(Hoof - Me Linda Engelbrecht)

Gr 3 en Gr 4 leerders is onder beheer van Me Chrisalda Nieuwoudt. Kinders doen huiswerk onder toesig van twee gekwalifiseerde onderwysers. Verdere inligting en inskrywingsvorme is by Me Nieuwoudt verkrygbaar.

Gr 5, 6 en 7 leerder is onder beheer van Me Hanneljie Visser saam met Senior Fase personeel.

1.6 Graad RR en Graad R klasse

Die Graad RR en R klasse funksioneer onafhanklik van die res van die skool, maar skakel ook in by verskeie aktiwiteite van die skool. Die kleuters het hul eie program asook afsonderlike speelye. Elke kleuter kry die geleentheid om optimaal te ontwikkel, wat verseker dat hy/sy ten volle skoolgereed sal wees.

Die kleuter word stelselmatig aan skoordisipline blootgestel. Hy leer die omgewing waarin hy beweeg, baie goed ken.

By Graad R kry die skool die kleuter tydens die laaste ses maande gereed vir Graad 1. Breek weg van kleuterskoolprogram en pas program aan sodat die kleuter reg kan wees vir Graad 1 en nie nog aanpassings moet maak nie.

Gr RR en R gelde is vooruit betaalbaar oor 11 maande voor die 7de van elke maand. Bedrag is op aanvraag beskikbaar.

1.7 Rekenaarsentrum

Die sentrum funksioneer as 'n leessentrum waar alle Graad 4 - 7 leerders een keer per week 'n leesprogram volg.

1.8 Afwesighede en terreinverlating

- **Afwesighede**

Ouers word versoek om die oggend wat 'n leerder afwesig is, die skool telefonies of per whatsapp daarvan in kennis te stel. Andersins moet 'n leerder 'n afwesigheidsbrief inhandig by sy voogonderwyser sodra hy na die skool terugkeer.

- **Terreinverlating**

U word versoek om slegs in uitsonderlike, dringende gevalle mediese en ander afsprake gedurende skoolure te reël. Indien omstandighede u dwing om u kind gedurende skoolure te kom haal, moet u 'n brief in die verband aan u kind se voogonderwyser rig sodat die nodige reëlings getref kan word. So 'n leerder moet deur 'n ouer/voog by die skool kom haal word.

2. SKOOLREËLS

2.1 Geboue

2.1.1 Geboue mag onder geen omstandighede beskadig word nie. As daar per ongeluk iets gebreek word, moet dit dadelik onder die aandag van die klasonderwyser gebring word.

2.1.2 Geen leerder mag voor skool en gedurende pouse in klaskamers en saal wees sonder die nodige toestemming en toesig nie.

2.1.3 Geen hardlopery en saamdrommery word op die stoepe toegelaat nie.

- 2.1.4 Apparaatkamers en store is verbode terreine vir kinders behalwe waar daar genoegsame toesig is.
- 2.1.5 Kleedkamers moet ten alle tye netjies gehou word en geen spelery word daarbinne toegelaat nie.

2.2 Terrein

- 2.2.1 Bome en plante mag nie beskadig word nie.
- 2.2.2 Geen bakleiery word op die skoolterrein toegelaat nie.
- 2.2.3 Geen gevaarlike speletjies mag op die skoolterrein beoefen word nie.
- 2.2.4 Geen leerder mag die skoolterrein verlaat sonder die toestemming van die Skoolhoof, Adjunkhoofde of Departementshoofde nie.
- 2.2.5 Alle afval soos papiere, kartonne, brood, ens. moet in die vullisdromme geplaas word. Die skoolterrein moet altyd netjies gehou word.

2.3 Fietse en motors

- 2.3.1 Leerders word verbied om naby motors wat op die terrein geparkeer is te speel.
- 2.3.2 Leerders mag nie op die skoolterrein fietsry nie. Vanaf die skoolingange moet die fietse gestoot word tot by die fietsloods en daar gesluit gebêre word.
- 2.3.3 Geen leerder mag by fietse of motors peuter nie. Oortreders sal behoorlik gestraf word.

2.4 Voetoorgange

Voetoorgange is daar vir leerders se veiligheid, derhalwe mag geen leerders die verskillende paaie kruis anders as om oor die voetoorgange te loop nie. Die padveiligheidsraad is leerders by oorgange behulpsaam.

2.5 Skoolvoertuie

- 2.5.1 Skoolvoertuie moet ten alle tye opgepas en netjies gehou word. Daar sal streng opgetree word teen leerlinge wat skoolvoertuie beskadig.
- 2.5.2 Leerders word verbied om naby enige bewegende voertuie of implemente op die skoolterrein te kom of daarop te klim.

2.6 Voorskrifte oor skoldrag

2.6.1 Leweransiers

- Ulitmate School & Sports
- AK Bazaar

2.6.2 Skooldrag

DOGTERS

SOMERSDRAG

1. Formele Skooldrag (*Maandae en Vrydae*)

- Grys romp met geel kortmou bloes (Skoolwapen op sak)
- Kort wit sokkies
- Swart skoolskoene (leerders mag kaalvoet loop)

Op koel dae mag die volgende gedra word:

- Oortrektrui /'Pullover' (met skoolwapen)
- Skooltrui (met skoolwapen)
- Swart Skool Drimac
- Skool Sweetpakbaajie

2. Sportdrag (*Dinsdae, Woensdae en Donderdae*)

- Sporthemp met sportbroek
- Wit sokkies
- Seilskoene (Tekkies)

Op koel dae mag die volgende gedra word:

- Oortrektrui /'Pullover' (met skoolwapen)
- Skooltrui (met skoolwapen)
- Swart Skool Drimac
- Skool Sweetpakbaajie

WINTERSDRAG

1. Formele Skooldrag (*Maandae en Vrydae*)

- Grys Langbroek
- Wit lang-/kortmouhemp
- Skooldas
- Oortrektrui /'Pullover' (met skoolwapen) / Skooltrui (met skoolwapen)/
Swart Skool Drimac / Skoolsweetpakbaadjie
- Grys Skoolkouse
- Swart Skoolskoene

OF

- Grys Rompie
- Wit lang-/kortmouhemp
- Skooldas
- Oortrektrui /'Pullover' (met skoolwapen) / Skooltrui (met skoolwapen)/
Swart Skool Drimac / Skoolsweetpakbaadjie
- Grys Skoolkouse / Dik Grys Broekiekouse
- Swart Skoolskoene

2. **Sportdrag** (*Dinsdae, Woensdae en Donderdae*)

- Skoolsweetpak
- Sporthemp
- Skooltrui (met skoolwapen) / Oortrektrui /'Pullover' (met skoolwapen)
- Wit sokkies
- Seilskoene (Tekkies)

Algemeen

- Lang hare moet asseblief netjies vasgebind word (nie skouers raak as los is).
- Linte, skool-kopband en rekkies in geel, bruin, grys, swart, wit.
- Horlosie mag gedra word.
- Klein ronde ooringetjies (sleepers) of knoppies in die oorbel van die oor. (Slegs 1 per oor)
- Slegs 'n seëling is toelaatbaar.
- Geen hangertjies of armbande nie, behalwe vir mediese redes.
- Geen gekleurde hare, nie snaakse modes nie (bv. gel)
- Kort hare mag nie aan die hempkraag raak nie, dan moet dit vasgemaak word.

SEUNS

SOMERSDRAG

1. **Formele Skooldrag** (*Maandae en Vrydae*)

- Grys kortbroek en grys kortmouhemp (skoolwapen op sak)
- Grys skoolkouse
- Swart skoolskoene (leerders mag kaalvoet loop)

Op koel dae mag die volgende gedra word:

- Oortrektrui /'Pullover' (met skoolwapen)
- Skooltrui (met skoolwapen)
- Swart Skool Drimac
- Skoolsweetpakbaadjie

2. **Sportdrag** (*Dinsdae, Woensdae en Donderdae*)

- Sporthemp met sportbroek
- Wit sokkies
- Seilskoene (Tekkies)

Op koel dae mag die volgende gedra word:

- Oortrektrui /'Pullover' (met skoolwapen)
- Skooltrui (met skoolwapen)
- Swart Skool Drimac
- Skoolsweetpakbaadjie

WINTERSDRAG

1. **Formele Skooldrag** (*Maandae en Vrydae*)

- Grys langbroek
- Grys lang-/kortmouhemp
- Skooldas
- Oortrektrui /'Pullover' (met skoolwapen) / Skooltrui (met skoolwapen) / Swart Skool Drimac / Skoolsweetpakbaadjie
- Grys skoolkouse
- Swart skoolskoene

2. **Sportdrag** (*Dinsdae, Woensdae en Donderdae*)

- Skoolsweetpak
- Sporthemp
- Skooltrui (met skoolwapen) / Oortrektrui /'Pullover' (met skoolwapen)
- Wit sokkies
- Seilskoene (Tekkies)

Algemeen

- Hare - Kortgeknip en netjies - geen snaakse style
- Kuif mag nie in oë hang nie
- Geen trap (step) word toegelaat nie
- Hare mag nie kraag raak of oor ore hang nie
- Geen oorbelle word toegelaat nie
- Geen gekleurde hare of gel
- Horlosie mag gedra word
- Geen hangertjies of armbande, behalwe vir mediese redes

2.6.3 **Sportdrag**

Atletiekdrag - Moet asseblief nie atletiekdrag koop alvorens ons u nie in kennis gestel het nie.

Landloop - Atletiekdrag is te koop by die leweransiers / skoolsportdrag

Netbal - Netbaldrag te koop by die leweransiers

Rugby - Wit kortbroek / bruin kortbroek
Rugbytrui word voorsien deur die skool

Tennis - Dogters en seuns - Skool se sportdrag of 1ste span
klere soos jaarliks gereël

Krieket - Skool se sporthemp met wit langbroek.
1ste Span krieket - wit langbroek en hemp soos gereël

Sommige spanne speel met goedgekeurde geborgde klere.

2.6.4 Provinsiale kleure en gewone drag

Leerders mag die dag van hul verjaarsdag gewone klere skool toe aantrek. Indien leeders gedurende 'n vakansie of naweek verjaar, mag hulle gewone drag op die eerste of laaste dag van die week/kwartaal aantrek.

Provinsiale kleure verwerf, mag slegs Vrydae aangetrek word.

2.7 Klerebank

Klerebank van skoolklere wat aan skool geskenk is, of onopgeëisde verlore klere is by skool beskikbaar - kontak Me Hannelie Pretorius (kantoor) tydens skoolure.

2.8 Algemeen

- 2.8.1 Meiringsparkers moet hulle binne sowel as buite die skool gedissiplineerd gedra en oral lojaal optree teenoor mede skoliere en personeel.
- 2.8.2 Meiringsparkers moet alle besittings en eiendom oppas en waardeer.
- 2.8.3 Bepaalde speelterreine is aangewys en leerders word verplig om die indeling te eerbiedig.
- 2.8.4 Meiringsparkers mag nie oor drade of hekke klim nie.
- 2.8.5 Meiringsparkers behoort elke dag gereelde studie-ure tuis te handhaaf.
- 2.8.6 Van Meiringsparkers word verwag om gehoorsaam en vriendelik te wees en opdragte van die personeel stiptelik uit te voer.
- 2.8.7 Geen gevaarlike voorwerpe word op die skoolterrein toegelaat nie.
- 2.8.8 Die kou van kougom word op die skoolterrein ten strengste verbied.
- 2.8.9 Geen troeteldiere word by die skool toegelaat nie.
- 2.8.10 Meiringsparkers moet te alle tye stiptelik wees ten opsigte van skoolsport en buitemuurse aktiwiteite.
- 2.8.11 Meiringsparkers in skooldrag moet hom/haar te alle tye op alle plekke soos ware Meiringsparkers gedra.

3. AKADEMIESE AANGELEENTHEDE

'n Hoë premie word op akademiese werk geplaas. Daar sal aan elke leerder na gelang van sy/haar vermoëns omgesien word en individuele aandag sal soveel as moontlik gegee word. Skrifte en werkboeke van leerders moet maandeliks deur die ouer(s) geteken word sodat skakeling met personeel betyds kan geskied.

3.1 Toetsstelsel, evaluering en eksaminering

In Graad 1 tot en met Graad 3 vind kontinue evaluering plaas. Die leerders skryf enkele kwartaaltoetse maar nie eksamens nie. Ontvang elke kwartaal 'n verslag. Daar vind wel 'n assesseringsweek plaas. Leerders wat tydens die assesseringsweek, afwesig is, moet 'n doktersbrief inhandig.

Graad 4 - 7 leerders skryf gedurende die eerste 3 kwartale formele toetse. Hierdie punt tesame met alle kontinue assessering en klastoetse word gebruik as kwartaalpunte. Die leerders ontvang vroegtydig 'n rooster om aan te dui watter vak hul skryf. Aan die einde van die tweede en die vierde kwartaal word 'n volwaardige eksamen geskryf.

Rapporte word kwartaalliks aan ouers gestuur. Graad RR - 7 leerders ontvang elke kwartaal 'n rapport / vorderingsverslag.

3.2 Top 10 - Akademiese vordering

Aangesien ons 'n baie hoë premie plaas op leerders se akademiese vordering en prestasie, ontvang die 10 beste akademiese presteerders in Graad 4 - 7 na elke kwartaal 'n Top-10 balkie. Dit dien as motivering. Ons sal u ook gereeld op hoogte hou ivm u kind se vordering. Aspekte soos pligsversuim en onbevredigende prestasie sal onverwyld onder u aandag gebring word.

3.3 Oueraande

Deur middel van oueraande word aan ouers die geleentheid gebied om kennis te maak met onderwysers wat u kind onderrig om aangeleenthede rakende u kind in 'n betrokke vak te bespreek asook enige ander sake wat u van belang ag. Daar word elke kwartaal oueraande / ouervergadering gehou.

3.4 Bekroningsfunksie

Daar word jaarliks 'n Bekroningsfunksie (prysuitdelingsfunksie) gedurende November gehou. Tydens bogenoemde funksie ontvang leerders toekennings op akademiese, kulturele en sportgebied. Sertifikate word ook aan leerlingeiers en aan leerders wat besonder veelsydig was toegeken.

3.5 Remediërende Onderrig

Remediërende onderrig sluit die volgende in: Toetsing van leerders, oerleiding, hulp aan leerders met leer-, konsentrasie- of emosionele probleme en hulpgewing aan personeel.

Afsprake met Terapeute word deur Mnr Tjonkie J v Rensburg gemaak na oorlegpleging met die leerder se voorgonderwyser en/of ouers. Ander leerders wat probleme ervaar word deur klas of vakonderwyser heronderrig.

3.6 Spreek-ure

Indien daar enige onsekerheid of besorgdheid by u as ouer ontstaan kan u gerus die skoolhoof kom spreek. Die kantoordeur staan altyd oop vir ons ouers. Maak gebruik van hierdie geleentheid, en reël gerus 'n afspraak.

4. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

Dit is vir ons baie belangrik dat ons leerders hulle vrye tyd nuttig sal bestee. Ons glo dat vir die gebalanseerde ontwikkeling van ons kinders, dit noodsaaklik is om aan sport en kultuuraktiwiteite deel te neem en daarom moedig ons deelname aan die skool se buitemuurse program sterk aan. Dit bevorder samehorigheid en skooltrots, wat noodsaaklike komponente van 'n gesonde skoolgees is.

'n Leerder wat betrokke is by skoolaktiwiteite is 'n gelukkige leerder. Moedig asseblief u kind aan om deel te neem aan die aktiwiteite wat die skool aanbied.

Die volgende georganiseerde aktiwiteite word aangebied.

4.1 Sportaktiwiteite

Atletiek
Landloop
Tennis
Skaak
Netbal
Rugby
Krieket
Hokkie

4.2 Kultuuraktiwiteite

4.2.1 Kunskultuur

- Revue *
- Operette *
- Koor *
- Kersspel *
- Kultuuraand *
- * *Vind afwisselend elke jaar plaas*

4.2.2 Kultuuraksies van sosiale aard

- Ken-mekaaraand (personeel, ouers en kinders) eerste kwartaal
- Lentedag
- Graad 7-afskeid - Uitstappie

4.2.3 Kultuuraksies wat verband hou met taal

- Redenaarskompetisies - Afrikaans
- Redenaarskompetisies - Engels

4.3 Regulasies en voorskrifte by sport

- Hou by die reëls. (Vuilspel, swak gedrag en oneerlikheid sal nie geduld word nie).
- Afwesigheid van oefeninge sonder toestemming is onaanvaarbaar.
- Wanneer met 'n sportsoort begin word, moet daarmee volhard word.
- Moet nie ophou omdat jy nie in die A-span is nie. Almal kan nie in dié span speel nie.
- Onthou om die korrekte kleredrag aan te trek.
- Ondersteun die wedstryde van jou maats ook. Seuns kan gerus die dogters by netbalwedstryde ook ondersteun.
- Onttrekkings uit 'n span sonder 'n geldige rede word nie aanvaar nie.
- 'n Volledige buitemuurse rooster word aan julle gegee, reël al julle ander bedrywighede sodat dit nie sal bots met die skoolaktiwiteite nie.
- As daar botsings voorkom, reël vroegtydig met die afrigter sodat daar 'n plan gemaak kan word.
- Onthou ons speel om te wen maar ook om as wenners van 'n verloorveld af te stap.

4.4 Sportvoorraad

Die skool sal poog om die monitêre toerusting te verskaf en in 'n goeie werkende toestand te hou (bv hekkies, hoogspringpale, ens).

Nie-monitêre toerusting moet deur die ouers self aangekoop word en goed opgepas word en leerders wat toerusting van die skool "leen" sal daarvoor verantwoordelik gehou word.

4.5 Toere en Uitstappies

Daar sal gepoog word om soveel as moontlik uitstappies en toere met die leerders te onderneem. As van die ouers weet van geleenthede moet hulle gerus met die sporthoof of aktiwiteitshoof in verbinding tree.

Ouers moet asseblief daarop let dat hulle altyd die toestemmingsbriefie volledig moet voltooi en onderteken voordat u kind op 'n uitstappie vertrek.

4.6 Ouerbetrokkenheid

Word ontsettend hoog waardeer. 'n Vriendelike beroep word egter gedoen op die ouer se lojaliteit teenoor die afrigter en die skool.

Ouers word ook vriendelik versoek om nie betrokke te raak met ander skole se beamptes (skeidsregter) nie. Indien daar 'n ongelukkigheid ontstaan kan u die skoolhoof of sporthoof kontak. Ons vra ook vriendelik dat ouers die kinders betyds sal afhaal na aktiwiteite.

Ons maak egter baie staat op u ondersteuning langs die velde en hoop om ons ouers in groot getalle daar te sien.

Ons vra ook dat ouers die kinders sal aanmoedig om aan die verskeie buitemuurse aktiwiteite deel te neem. Ons het elke leerder se betrokkenheid nodig om ons op die sportveld te laat geld.

* Ouers wat graag wil betrokke raak met afrigting en/of hulp by spanne kan ook gerus die skoolhoof of sporthoof kontak. Hulp word oral verwelkom.

4.7 Leierskap

- Leerderraadverkiesing - word volgens 'n vasgestelde stelsel gedoen in samewerking met die leerders en personeel.
- Padveiligheidsraad en Mediaraad word deur die personeel aangewys.

4.8 Entrepreneurswese

Graad RR - 7 leerders kry geleentheid om op 'n georganiseerde manier tot jong entrepreneurs te ontwikkel. Jaarliks word daar entrepreneursdae gehou.

5. AKTIWITEITSROOSTER

5.1 Sport

Alle sportroosters word aan die begin van die aktiwiteite aan leerders beskikbaar gestel. Wedstrydte en oefentye sal vroegtydig aan spanlede beskikbaar gestel word.

5.2 Kultuur

Koor oefen op tye soos deur betrokke personeel met leerders gereël word.

5.3 Mediasentrum - Dienstye en uitleen

Dag	Personeel aan diens	Uitleentye	Groep
Maandae	Gr R - 3 personeel	2de Pouses	Gr R - 3
Woensdae	Gr 4 - 7 personeel	2de Pouses	Gr 4 - 7

6. VEILIGHEID

Die leerders beweeg vrylik en onbevange op ons skoolterrein rond. Ter wille van ons leerders se veiligheid vra ons dat u **asseblief nie by die skoolterrein sal inry wanneer u, u kind op- of aflaai nie.**

Maandae tot Donderdae word die hekke aan die Noordekant om 14:00 gesluit. Leerders moet dan na die waghuisie langs die Tennisbaan gaan totdat ouers hulle afhaal. Vrydae sluit hierdie hekke om 13:40.

7. SKOOLLIED

*Waar die Wes-Transvaalse winde waai
Waar 'n voël nog vry in die lug kan draai
Staan die Meiringsparkse skool
Vir die jeug as trots simbool!
Want blank soos die lelie en rein soos die duif
Is die wapen wat ons wuif
Kom nou maat beproef ons leuse self
Glo in Hom en in jouself!*

*Hier leer ons as jong Afrikaner kinders werk
Kennis maak ons vir die toekoms sterk
Hier leer ons ook om te speel
Om in leed en vreug te deel!
Ja, blank soos die lelie en rein soos die duif
Sal ons lewens strewes bly
Ook ons leus naas Hom te glo in jouself
Bly ons altyd, altyd, by!*

Skoolleuse
Glo in jouself!

*Jy kan ander mense huur vir jou kind
se onderrig, maar vir sy opvoeding
moet jy self instaan.*

LANGENHOVEN

